


2025



**tot en met
Gr.3**



BLY 'N RUKKIE...

Dink aan jou gunstelingPlekkie by die huis.
Dit kan binne of buite wees. Dit kan wees waar jy speel of slaap.
Terwyl jy 'n Prentie van dit teken, vra Jesus om jou daaraan te herhinner
dat Hy by jou bly, maak nie saak wat jy doen of waar jy is nie.

Voordat jy die vertrek verlaat,
kies 'n huisie en Plak dit op die kaart teen die muur.

28 Mei--7 Junie

KINDERS

**MAAK
OOP
JOU
HUIS
SIT
BY SY
VOETE**



LEES...

Luke 10:38-39

‘Op hulle reis
het Jesus in ’n dorp gekom
waar ’n vrou,
Marta,
Hom as gas ontvang het.
Sy het ’n suster gehad,
Maria,
wat aan die voete van die
Here gaan sit en
na Sy woorde geluister het.’

WELKOM BY DURBANVILLE VIR JESUS 10 DAE VAN GEBED

Hierdie jaar gaan ons bid en speel by die voete van Jesus
terwyl ons die teenwoordigheid van die Heilige Gees geniet.

Kom ons begin...

DINK BIETJIE...

Wanneer jy Lukas 10 lees, sal jy sien hoe gaaf en gasvry Maria en Marta
teenoor Jesus tydens Sy kuier in hulle dorp was.
Marta het vir Jesus na haar huis genooi en Maria het by Sy voete gesit om te
luister na alles wat Hy vertel het.

Marta

Marta het Jesus in haar huis verwelkom. Daar was egter allerhande dinge
soos bekommernisse, wat haar aandag afgetrek het.
Dink bietjie... is jy bekommerd of angstig oor iets?

- Gebruik hierdie tyd om vir Jesus daarvan te vertel.
- Bid en vra Hom om jou hart aan te raak en jou dapper te maak.

Maria

Maria het by Jesus se voete gesit om na Hom te luister.

- Neem soveel tyd soos wat jy wil, maak toe jou oë en probeer hoor wat die Heilige Gees vir jou wil sê.
- Dink nou aan alles waarvoor jy dankbaar is en prys die Here vir dit.
- Eindig jou gebed deur ons groot en magtige God te verheerlik.

REAGEER...

Wees soos Marta
maak oop jou huis

Maak jou hart oop
en dink aan maniere
hoe jy vir ander kan wys
dat jy omgee.

Vra die Here
om jou sensitief te maak
en vrygewig met jou lewe
en huis te wees.

Wees soos Maria
sit by Sy voete

Onthou om tyd
vir Jesus te maak.
Wanneer jy jou Bybel lees,
Probeer luister
na Sy stil sagte stem.
Praat gereeld met Hom
en bly naby aan Hom.

